

VAK: AFRIKAANS HT GRAAD: 12 LESPLAN 5 KWARTAAL 4 TYD: Dubbelperiode					
KERNINHOUD: Hersiening: Vraestel 2 – Die literêre opstel oor Mis					
LEERUITKOMS 1: Luister en Praat		LEERUITKOMS 2: Lees en Kyk		LEERUITKOMS 3: Skryf en Aanbied	
Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.		Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.		Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.	
LEERUITKOMS 4: Taal		Die leerder is in staat om taalstrukture en – konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.			
Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes		Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering	√	Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks	
Beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspressief aan te bied		Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en audiovisuele tekste	√	Toon die gebruik van gevorderde skryfstrategieë en –tegnieke vir eerste weergawes	
Toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings		Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste	√	Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan:	
Toon kritiese taalbewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies		Verken en evalueer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word	√		
ONDERRIGAKTIWITEITE		LEERDERAKTIWITEITE		BRONNE	
Deel 'n paar eksemplare van Vraestel 2, aan kandidate uit (Bv. Modelvraestel van 2009)		Stap 1: Leerders bestudeer Vraag 15.		Vraestel 2 Klasaantekeninge oor drama, studiegidse.	
Stap 2: Ontleding van vraag.		ASSESSERING			
OPSTELVRAAG: MIS - Reza de Wet Beskryf en evalueer die uitbeelding van die twee manlike karakters in die drama in 'n opstel van 450 – 500 woorde deur na die volgende te verwys: - Die konstabel: • sy manipulerende geaardheid • sy uitbeelding as toweragtige (magiese) karakter • sy tweeledigheid en die transformasie wat hy ondergaan - Pa: • Sy naam		MEMO van OPSTELVRAAG: MIS - R de Wet Manipulerende geaardheid: Die konstabel maak net die inligting oor homself bekend wat hy kan gebruik om mense mee te manipuleer. Vergelyk sy vertelling van tant Hannie aan Gertie. Hy weet dat sy seksueel gefustreerd is en bevry haar in 'n mate van hierdie frustrasie. Later, as die nar teenoor Meisie, speel hy sy nuwe rol ten volle en manipuleer hy haar binne die situasie sonder om veel informasie oor homself te verstrek. Hy is besonder gevoelig/sensitief vir menslike swakhede en verskuilde konflikte in die karakters en buit dit uit. Hy manipuleer die drie met sy demonstrasies van 'n verskerpte reuksintuig deur elkeen se ouderdom en seksuele status korrek te skat. Toweragtige/magiese karakter: Sy toweragtige of magiese aard spruit uit die feit dat hy geheimsinnig is – hy sê niks oor sy herkoms nie. Hy dra 'n polisie-uniform en is, vreemd genoeg vir 'n konstabel, blind. Hy dra 'n stok en donkerbril. Hy het 'n sak by hom. Hulle noem hom "snuf-in-die-neus". Sy uniform bied hom die geleentheid om as beskermer voor te kom en op te tree. Hy verteenwoordig veiligheid en orde in die gemeenskap, asook goeie waardes. Transformasie: Aan die einde van die drama is hy kaal bolyf met die polisie-uniform se baadjie onderstebo sodat hy 'n hofnar word. Saam met die nuwe kostuum word hy ook siende. Hy haal nie 'n ander baadjie uit nie; dieselfde baadjie word net omgedop. Dit skep die illusie van twee in een, dit weerspieël die transformasie. Hy is twee helftes van een. Geklee in die narrebaadjie, word hy die flambojante bevryder wat Meisie uit die mis laat ontluik as blom, "toor" hy as 't		Datum	
				Kandidate beantwoord die vraag en lewer in vir assessering: 25 punte	

<ul style="list-style-type: none"> • Miem se houding teenoor hom • Sy optrede teenoor die vroue <p style="text-align: right;">[25]</p>		<p>ware haar uit haar beknelling uit en laat haar tot wasdom ontvou.</p> <p>Pa se naam: Pa se naam (Gabriël) is gepas omdat hy al sewe jaar bo in die solder “woon”. Hy word nooit gesien nie. Die naam Gabriël is egter ook ironies omdat Gabriël in die Bybel as die draer van goeie tyding bekend staan. Pa bring egter geen tyding nie, net lyding vir Miem wat nou alleen moet sien en kom klaar. Verdere ironie in sy naam is geleë in die feit dat hy, anders as 'n beskermengel, nie sy gesin teen die indringer kan beskerm nie.</p> <p>Miem se houding teenoor hom: Miem het 'n onwrikbare geloof in hom en aanvaar wat hy doen. Sy glo hy sal afkom as Meisie trou.</p> <p>Sy optrede teenoor die vroue: Teenoor die vroue tree hy op as 'n 'n selfsugtige karakter wat geensins aan sy gesin dink nie – iets wat vir die man van daardie jare nogal baie belangrik was. Hy is ook nie baie konsidererend teenoor die vrouens wat die slopemmer moet leegmaak nie: hy wag twee dae.</p>	
		Woordeboeke	
<p>Tuiswerk: Beantwoord 'n soortgelyke opsteltipe vraag.</p>			
<p>Verryking/Uitgebreide geleentheid:</p>			
<p>Nabetragting: Was die les 'n sukses of nie?</p>			